## LIEDERE WAT IN DIE EREDIENS GESING WORD
**Sondag 5 Februarie 2012**

| Aanddiens 18:00 | |
|---|---|
| **Lied** | **Bladsy** |
| Psalm 149:1 & 2 | Bl.**715** |
| Skrifberyming 12-21:1, 2, 3 | |
| Skrifberyming 8-1:1 & 2 | |
| Psalm 34:1, 4 & 6 | Bl.**166** |



## BESOEK - BONSAI-GROEP, PRESIDENT KRUGER KINDERHUIS, PRETORIA

Die groepie seuns wat deur die Diakonie "aangeneem" is, besoek ons gemeente op die naweek van 9 tot 11 Maart. Br. Hannes en sr. Gerty Pelser gaan hulle op hul plaas huisves. Ons sien baie uit na hierdie besoek, en sal u op die hoogte hou van reëlings.

## KATKISASIE-ONDERWYSER WORD BENODIG

Daar word gesoek vir 'n lidmaat wat bereid is om kategese vir die graad 5 klas te gee. Skakel in hierdie verband met br. Hennie Oosthuizen (082-901-4086).

## BEROEPE – GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

**BEROEPE ONTVANG**

- Ds. P Cilliers van Daniëlskuil/Delportshoop na Ladybrand/Tweespruit-kombinasie.
- Ds. SD de Kock van Potchefstroom-Suid na Matlabas.
- Ds. PW Kurpershoek van Middelburg (Tvl.) na Durban-Noord.
- Ds. JD Potgieter van Rooihuiskraal na Kuruman.
- Ds. HW Schutte van Noord-Oosrand na Wesrand.

**BEROEPE BEDANK**

- Ds. P Cilliers van Daniëlskuil/Delportshoop na Ladybrand/Tweespruit-kombinasie.
- Dr SP van der Schyff van Pretoria-Brooklyn na Gobabis.




# SIMBAAL

"Prys Hom met galmende simbale"
[Psalm 150:5]

**Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Klerksdorp-Noord**
[Webadres – http://www.gkklerksdorpnoord.co.za/]

| Jaargang 7 | Sondag 5 Februarie 2012 | Nommer 3 |
|---|---|---|

## VAN HARTE WELKOM



Ds. De Jager en sy gesin: Philip, Andre, Isabel, Anika en Adriaan

By wyse van SIMBAAL 'n woord van hartlike welkom in Klerksdorp-Noord aan Ds. Andre de Jager en sy gesin. Dit is werklik 'n groot vreugde waarmee hulle in ons midde verwelkom word. Ds. Andre is op 4 April 1978 te Rustenburg gebore en Isabel op 10 November 1983 te Bronkhorstspruit. Hulle is op 17 Desember 2005 in die huwelik bevestig en God het hulle geseën met 3 verbondskinders:
Philip (2 Julie 2007), Adriaan (17 Maart 2009) en Anika (8 Februarie 2011). Hulle bedien van 2003-2007 die Gereformeerde Kerk Volksrust en van 2007-2012 die Gereformeerde Kerk Vryheid.

## PREKE VANDAG



**Ds. Andre de Jager**

Aanddiens Tema: **KOM IN DIE TEENWOORDIGHEID VAN DIE HERE OM UITGESTUUR TE WORD**

**Lees:** Johannes 20:19-31
**Teks:** Johannes 20:21-22

Vir baie is die kerk ‘n veilige oase. ‘n Plek om weg te kruip van die wêreld se probleme en teenstand. By die kerk wil ons kom rus en wil ons baie beslis nie uit ons gemaksone geruk word nie.

Hier wil ons die probleme wegsluit, weg van ons af. Maar die ding van ‘n deur wat gesluit is-is dat dit nie net die buitekant van ons af wegsluit nie, dit sluit ons ook van die buitekant af. Dit maak ons onsigbaar en uiteindelik nutteloos.

En daarom stuur Jesus Sy dissipels uit, agter die geslote deure uit – al is dit in probleme en swaarkry in – om Sy dissipels te wees.

Baie dankie,
Julle het ons met soveel hartlikheid ontvang. Ons waardeer die smul-lekker kos wat julle vir ons aangedra het toe alles hier nog in so ‘n toestand was dat ons nie self kon kosmaak nie. Ons bedank ook die susters vir die voorrade in die spens, yskas en badkamers. Daar is sommer weer opknappings werk in die pastorie gedoen met die nuwe gordyne wat oppad is, dit maak ons baie opgewonde. Ons sien uit daarna om met volle oorgawe in die gemeente diensbaar te wees.
Andre en Isabel de Jager & kinders



## KRUISPAD GEE TERUGVOER OOR HARTKLOP 2011 EN STEL BEKEND G-KAFEE BY KKNK 2012

Handelinge 20:35 ***“Onthou die woorde van die Here Jesus. Hy het self gesê: Om te gee, maak ’n mens gelukkiger as om te ontvang.”***

So het ons vorige skrywe begin toe ons die omgeebeweging van **HarTklop@Aardklop** begin het. Baie dankie vir elkeen se ondersteuning. Dit was ’n reusesukses. ’n Klompie jongmense het die eksperiment aangepak om te kyk of dit regtig beter is om te gee as om te kry. Die resultaat … gee is beter! Omdat hierdie ’n beweging is om die liefde van Christus tasbaar te deel, het ons ’n voorlegging aan die bestuur van **KKNK** gemaak. Hulle het dit aanvaar en gee ons ’n kans om die Gee-gees ook by hierdie fees te laat posvat. Julle sal onthou dat ons gratis koffie gebruik as ’n voertuig om na feesgangers uit te reik in liefde. Dit sluit ALLE feesgangers in ongeag kleur, reuk, gawe, toestand, voorkeure, geloof of gebrek daaraan. Wat die uitdaging tydens KKNK wel anders maak, is dat die inisiatief totaal vanaf Kruispad (Deputate Jeugsorg: GKSA) uitgaan en dat ons dus alle fondse self moet bymekaar maak. Om die logistiek glad te laat verloop, is ons mikpunt R50 000. Hierdie bedrag sluit alles in wat nodig is vir die **G-Kafee**, en maak ook voorsiening om jongmense se verblyfkostes en etes so ver moontlik te subsidieer. Omdat ons glo dat hierdie beweging ’n groot impak op ons jongmense se daaglikse Christenwees gaan maak, neem ons vrymoedigheid om hulp te vra. Alle hulp sal waardeer word.
Geldelike bydraes kan gemaak word by:

*Naam: Watu Youth Village*
*Bank: FNB Takkode: 240 438*
*Rek. nommer: 623 1151 8156*
*Merk dit duidelik: G-Kafee of Hartklop*
*(Stuur asb. Bewys van inbetaling na gee@watu.co.za)*

Dankie vir jou aandag aan hierdie belangrike saak
Henning Venter (nms. Kruispad/Deputate Jeugsorg)

## REGSTELLING

Op die geel inligtingsgids wat die ouderlinge aan die gemeente gaan uitdeel is die selnommer van ds. Andre de Jager foutief.
Ds. De Jager se selnommer is: ***082-975-2745.***

## PROFESSOR SAREL VAN DER WALT BEVESTIG

Dr. Sarel van der Walt is Saterdag 28 Januarie 2012 in Potchefstroom deur sy vader, ds. Pieter van der Walt, as professor in Dogmatiek aan die Teologiese Skool Potchefstroom bevestig.





**Anina, Sarel, mev. Martie van der Walt en ds. Pieter**



## SUSTERSAAMTREK-Saterdag 10 Maart 2012



**Gereformeerde Kerk Klerksdorp**

Die susters word hartlik uitgenooi na bogenoemde saamtrek.

Dagfooi: R85 per persoon
Tema: "Gelowig Vrou in die hande van die Pottebakker"
Spreker: Dr. Maryn Botha, Nasionale Voorsitter, Helpende Hand, Solidariteit.

***SUSTERS WAT DIE SAAMTREK WIL BYWOON, MOET ASB. VOOR VRYDAG 17 FEBRUARIE 2012 DIE DAGFOOI INBETAAL BY BETS* (084-257-9481)*OF SANTIE* (018-468-3553).**

"'n Donasie vir Die Vroueblad sal by die saamtrek betaalbaar wees."

## FINANSIëLE VERSLAG DIAKONIE – Januarie 2012

| | |
|---|---|
| TOTALE DIAKONALE **INKOMSTE** | R165 372.00 |
| INKOMSTE VIR DIENS VAN BARMHARTIGHEID | R109 470.00 |
| **UITGAWES** | |
| TOTAAL, DIENS VAN BARMHARTIGHEID | R105 983.00 |
| DONASIES BEWILLIG | R 9 800.00 |
| VERPLIGTE KOLLEKTES | R 34 994.00 |
| SENDING, KHUMA | R 6 320.00 |

Die Diakonie is innig dankbaar teenoor die Here wat mense in sy diens gebruik en middele daarstel. Die Diakonie bedank ook al die gemeentelede vir oop harte en ruim bydraes dwarsdeur die jaar, asook spesiale skenkings en bydraes tydens die Winterwarm – en Kersbederf-projekte. Waardering ook aan die gemeente vir ondersteuning, bydraes en hulp met spesiale projekte vir die plaaslike Kinderhuis, asook die President Kruger Kinderhuis in Pretoria en op Reddersburg.

J. Booysen
Voorsitter
DIAKONIE
GEREFORMEERDE KERK KLERKSDORP-NOORD

## KOLLEKTES


| Datum | By die diakens | Sakkies by die deure |
|---|---|---|
| 5 Februarie | Barmhartigheid | Teologiese Studentekas |
| 12 Februarie | Barmhartigheid | GKSA Sustentasiefonds |
| 19 Februarie | Barmhartigheid | GKSA Dankbaarheidsfonds |



## GEMEENTEPROGRAM

Sondag 5 Februarie tot Saterdag 11 Februarie 2012

| | | |
|---|---|---|
| Sondag 5 Februarie | Oggenddiens | 09:30 |
| Sondag 5 Februarie | Katkisasie Les 2 | 10:30 |
| Sondag 5 Februarie | Aanddiens | 18:00 |
| Donderdag 9 Februarie | Kerklike bydraes inbetaal | 17:30 |




## TEESKINKBEURTE

| | |
|---|---|
| Sondag 5 Februarie 2012 | Wyke 24 & 25 |
| Sondag 12 Febnruarie 2012 | Wyke 26 & 27 |
| Sondag 19 Februarie 2012 | Wyke 28 & 01 |




## VERJAARDAE

5 Februarie tot 11 Februarie 2012


| | | | |
|---|---|---|---|
| 5 Feb. | Hennie Strydom | *Wyk 15* | **018-468-8981** |
| 5 Feb. | Elba van der Walt | *Wyk 04* | **018-468-6891** |
| 6 Feb. | Len Reynecke | *Wyk 16* | **018-468-1078** |
| 7 Feb. | Hennie Senekal | *Wyk 26* | **018-468-1272** |
| 8 Feb. | Anika de Jager | *Wyk 08* | **018-468-6877** |
| 8 Feb. | Frik Steyn | *Wyk 18* | **018-468-2842** |
| 8 Feb. | Johan van Rooyen | *Wyk 27* | **018-468-6061** |
| 9 Feb. | Jonathan Gainsford | *Wyk 03* | **083-231-4404** |
| 9 Feb. | Ané van Jaarsveld | *Wyk 02* | ----- |
| 9 Feb. | Christiaan v Jaarsveld | *Wyk 02* | ----- |
| 10 Feb. | Marinelda v Aswegen | *Wyk 25* | **018-468-3864** |

*Elkeen wat hierdie week verjaar word van harte gelukgewens. Mag die Here jou nuwe lewensjaar seën met voorspoed en geluk.*





## LIEF EN LEED



- Ons harte gaan uit na ***Oom Peet van der Walt*** en sy gesin, na die skokkende nuus van die moord op sy skoonseun, Smartryk Treurnicht (37) in Pretoria. Die troosdiens het Vrydag in Pretoria plaasgevind, waarna die teraardebestelling in Douglas op Smartryk se ouers se plaas was. Hy was getroud met oom Peet se dogter, Isabell. Ons bede is vir vertroosting van die Here in die verwerking van hierdie pynlike verlies.
  (Wyk 18 018-468-7432)
- ***Br. Peet Buys*** het die afgelope tyd probleme met sy sig ondervind. Hy word nou daarvoor behandel en ons bid hom spoedige herstel toe, asook sterkte vir sr. Lena, wat hom bystaan.
  (Wyk 15 018-468-2209)
- ***Br. Vic en sr. Magda van der Walt se dogter***, Erika, het 'n gastroskopie, buiksonar, Petscan, hartsonar ondergaan en na 'n angiogram is vasgestel dat sy 'n vernouing in die linker hoofaar het, sowel as 'n syaar. Die dr. het 'n 16 mm stent ingesit en die syaar met 'n ballonnetjie gerek. Sy is al uit die hospitaal ontslaan en beterskap en herstel word haar toegewens. (Wyk 7 018-464-2622)
- ***Br Paul Vorster*** het weer 'n terugslag beleef. Hy het verlede Sondag by die huis geval, waarskynlik weens 'n bloeddruk-probleem, en sy kop beseer. Hy is tans nog in die Ancron-hospitaal (8B) waar verskeie toetse op hom uitgevoer is. Daar kon egter geen ernstige probleme vasgestel word nie. Ons bid hom beterskap toe.
  (Wyk 12 018-468-3819)
- ***Dr André en sr. Hettie Grové***, ons emeritus egpaar, het 'n kleindogter ryker geword. Haar naam is Hesté en sy is die dogtertjie van Lex en Ronél. Ons bid dat die kleinkind vir die ouers en grootouers tot groot seën en vreugde sal wees. (083-306-0123)
- Ons het verneem dat ***sr. Lucia Cloete***, eggenote van ds. Koos Cloete van Gereformeerde Kerk Koster, en voorheen in ons gemeente, reeds 'n operasie ondergaan het en binne kort weer geopereer gaan word. Ons bid vir sr. Lucia en haar gesin die seën van die Here toe en vertrou dat sy spoedig sal herstel. Die egpaar se jongste seun, Kota is diaken in ons gemeente. (014-543-2202)